

Alles is geld, maar geld is nie alles nie

Godsdiens Aktueel

Nico Koopman



In die 1980's het die Nederlandse teoloog Harry Kuitert oor die politiek gesê: Alles is politiek, maar politiek is nie alles nie. Die selfde stelling sou op die ekonomie van toepassing gemaak kon word. Sonder om die ekonomie tot geld te reduceer sou ons kon sê: Alles is geld, maar geld is nie alles nie.

Die eerste been van dié stelling erken dat ekonomiese werklikhede feitlik alle aspekte van die lewe bepaal. In 'n sekere sin sou ons kon sê geld wat stom is, maak reg wat krom is. Die meeste van ons beplanning en strewes kan nie werklikheid word sonder genoeg geld nie. Dit is dus belangrik dat ons die kennis, waardes en vaardighede ontwikkel om finansiële bronne te ontsluit. Hierdie bronne is noodsaaklik om visies te implementeer, om idees om te sit in praktyke en om edel oogmerke te bereik.

Die ontwikkeling van 'n etos en kennisleer van entrepreneurskap, van vernuwende en innoverende denke en praktyke, van kreatiwiteit en ondernemingsgees is noodsaaklik. Teologiese opleiding word gereeld uitgedaag om voornemende predikante toe te rus om in armoede-kontekste die sosio-ekonomiese bronne van die samelewing raak te sien en te ontgin – in belang van 'n vrugtevolle bediening aan lidmate wat gebuk gaan onder armoede.

Akademiese programme van opvoedkundige instansies het die motief om 'n transformerende en vernuwende impak op die samelewing te maak. Hierdie programme staan egter ook voor die uitdaging om op kreatiewe wyses na finansiële volhoubaarheid te streef.

Die tweede been van die stelling is ewe belangrik. Geld is nie alles nie. Die Amerikaanse filosoof Michael Sandel beredeneer hierdie punt helder in 'n boekie met die titel *What Money Can't Buy: The Moral Limits of Markets*.

Dit is belangrik dat ons in die strewe na finansiële volhoubaarheid in gesin en kerk, in universiteit en firma, in regering en sportklub waak teen 'n logika van die ekonomisering en kommodifisering van alle lewensverbande; 'n logika waar 'n markeconomie gebruik word om 'n marksamelewing te skep, waar alles dus aan ekonomiese markwaarde gemeet word. Dit is 'n logika waar iets of selfs iemand slegs as goed en waardevol beskou word as hulle ekonomiese nut het; waar persone van beroepe wat nie wins produseer nie, as swak presteerders beskou word; waar talle kosbaarhede in die samelewing geringgeskat word omdat dit nie winsgewend is nie.

Ons moet enersyds die rots vermy van die ontduiking van die verantwoordelikheid om finansiële volhoubaarheid te verwesenlik. Ons moet andersyds die rots vermy van die verabsolutering van ekonomiese werklikhede en die miskenning van kosbaarhede wat nie aan geld gemeet kan word nie.

■ Nico Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.